Verhouding met God, sluit redding in (Tony Neerings)

Han 2:47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat **gered** is.
Mar 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal **gered** word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.
Joh 10:9 Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy **gered** word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.
Han 16:31 Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal **gered** word, jy en jou huisgesin.
Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom **gered** word van die toorn.
Rom 5:10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe **gered** word nou dat ons versoen is.
1Kor 1:18 Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat **gered** word, is dit die krag van God;
Efe 2:8 Want uit genade is julle **gered**, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Tit 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons **gered** deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Wat is die beste;

1. gehoorsaamheid verkry deur vrees, geweld of misleiding?
2. gehoorsaamheid verkry deur innerlike persoonlike oortuiging?

Punt 1. se gehoorsaamheid moet gemonitor word en die raamwerk waarin dit verkry word moet aktief instand gehou word – maar sodra die raamwerk wegraak of daar ‘n rebellie ontstaan verval die gehoorsaamheid ook want die individu glo nie daarin nie, is nie oortuig dat dit reg is nie en sal dit daarom nie self doen nie.

Punt 2. se gehoorsaamheid het ‘n innerlike lokus van kontrole en word gedryf vanuit ‘n ootuiging dat dit reg is en word gedoen sonder toesig. Hierdie gehoorsaamheid is gebaseer op ‘n geloof en vertroue in die impak, motief en resultaat van die dade/woorde.

/----------/

Christus, tydens Sy tyd as mens op aarde, het van die mag van reg gebruik gemaak – nie van die mag van gesag, geweld of vrees nie. Christus het gebruik gemaak van oortuiging, en die individu se eie vrye keuse respekteer – soos bevestig in Openb.3:20 “..... As iemand my stem hoor en die deur oopmaak,

sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My", (OAV). Verder is dit 'n feit dat liefde nie afgedwing of geforseer kan word nie. Jesus wil dat ons Hom moet liefhê, en dit uit innerlike persoonlike oortuiging dat Hy waardig is om lief te hê – omdat Hy ons eerste waarlik liefhet. Jesus soek nie kunsmatige liefde gedryf deur vrees of alternatiewe motiewe nie, maar Jesus soek ware liefde gedryf deur oortuiging, vertroue/geloof – 'n onselfsugtige en selfopofferende liefde. Dieselfde liefde soos deur Hom gedemonstreer in Sy soendood aan die kruis, Joh.3:16 "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê", (OAV).

God die Vader en Jesus Christus is een in liefde, genade, geregtigheid, wysheid, waardesisteem,..... Hulle wil, doel en strewe – Hulle karakter en wese stem ooreen dit beteken God die Vader en Jesus Christus is LIEFDE. Jesus wil hê dat ons net soos Hy moet wees, maw ons moet soos Hy liefhê en ondergeskik wees aan Sy Vader – (ons is in Hulle beeld gemaak om te heers deur Hulle wysheid en liefde toe te pas, lw uit innerlike persoonlike oortuiging sonder dwang of vrees, met volle oorgawe te wees soos Jesus Christus).

God die Vader en Jesus Christus is 100% eerlik (God kan nie lieg nie, Tit.1:2), is 100% betroubaar (geen skadu van omkeer, Jak.1:17)(ons nie bo ons vermoëns laat versoek, 1Kor.10:13)(word nie versoek en versoek self niemand, Jak.1:13), is 100% wys, is die bron van alle lewe,.....

God die Vader en Jesus Christus gee verlossing as gawe, verniet, sonder verdienste en verwag 'n volle oorgawe van die individu om deel te word van God deur middel van aanvaarding van God die Vader as eerlik, regverdig, opreg, rein, suiwer,....., aanvaarding van vergifnis in Jesus Christus, aanvaarding van verlossing in Jesus Christus, verbintenis om verander te word na die karakter en wese van God die Vader en Jesus Christus – maw om Hulle liefde deelagtig te word en uit te leef in die alledaagse lewe, 'n groeiproses wat sal aanhou tot in die hiernamaals (lw innerlike persoonlike oorgawe en verbintenis, 'n vertroue in en op God die Vader en Jesus Christus vir dit wat Hulle is). Hierdie verbindtenis gaan daaroor om te erken dat God die Vader en Jesus Christus regverdig is – en nie om die ewige lewe te verkry nie, alhoewel die ewige lewe 'n integrale deel daarvan is, aangesien 'n ewige kontrak met God die Vader gesluit word, verseël in Jesus Christus se bloed (soendood aan die kruis).

Wat is hierdie liefde wat God die Vader en Jesus Christus is? Toe Jesus gevra is wat die belangrikste gebod is, het Hy geantwoord dat dit is om God die Vader lief te hê met die hele hart, siel, gees en verstand – en tweede maar gelykstaande om jou naaste lief te hê as jouself..... As ons verder kyk na Rom.13:8-10, sien ons dat Paulus se begrip was dat die liefde die naaste geen kwaad doen nie, nie te na kom nie => maw dat die motief agter die daad die bepalende faktor is. Paulus haal hier die laaste 5 van die 10 gebooie aan en

identifiseer dit as naasteliefde, die toepassing van die laaste 5 van die 10 gebooie is dus die toepassing van die beginsels van naasteliefde. Hierdeur kan ook afgelei word dat die toepassing van die eerste 4 van die 10 gebooie die toepassing van die beginsels van liefde teenoor God is. Die toepassing van die 10 gebooie as waarde sisteem beteken dan dat die individu nie vir God of die mens te na kom nie (geen kwaad doen nie). Hierdie is ook presies soos Jesus is, Heb.7:26, skuldloos (blameless of harmless (KJV)). En dit is ook soos God die Vader is want Hy en Jesus is een – Jesus was die volle demonstrasie van die karakter en wese van God die Vader, Heb.1:3 " Hy, wat die afskynsel is van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag,…." (OAV), 2 Kor.4:6 " Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus." (OAV), Kol.1:15 "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;" (OAV)

Verlossing is dus eenvoudig soos volg: Sluit kontrak met God die Vader, deur jou lewe aan Hom oor te gee om verander te word na dit wat Hy wil hê dat jy moet wees. Hierdie kontrak word verseël in Jesus bloed en sluit in vergifnis, genesing en verlossing van sonde, asook verlossing met Jesus se wederkoms maw die ewige lewe. God doen dit omdat die individu bereid is om Hom te vertrou/glo en Sy liefdeswet deelagtig te word en uit te leef, onselfsugtige selfopofferende liefde, uit innerlike persoonlike oortuiging dat God die beste waardesisteem geskep het in Sy wysheid, asook rein, eerlik, reverdig en opreg is. Joh.3:33 "Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is. (OAV)".

Hierdie persoon is **gered**, en leef in Jesus Christus, met die vrede wat alle verstand te bowe gaan – dit gaan nie oor redding nie, maar oor die erkenning wat God en Jesus toekom oor die volmaaktheid van Hul LIEFDE en wysheid en die uitleef daarvan vir tyd en ewigheid tot Hul eer en verheeliking.

/----------/

Teksverwysings gebruik:

Openb 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Joh 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.
Joh 3:14 En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word,

Joh 3:15 sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:17 Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.
Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.
Joh 3:20 Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.
Joh 3:21 Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.

1Jo 4:19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Tit 1:2 in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,

Jak 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

1Kor 10:13 Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

Jak 1:13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

Heb 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun
Heb 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

2Kor 4:6 Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.

Kol 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;

Joh 3:33 Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is.

VERLOSSING/EVANGELIE

Kom ons kyk na die gesprek tussen Jesus en die Farisieers, waar Jesus antwoord en se dat hulle wel kinders van hulle vader is - hulle vader is Satan, want hy is van die begin 'n moordenaar en 'n leuenaar. Jesus het hier spesifiek verwys na die feit dat hulle besig was om Sy dood te beplan dmv bedrog - maw hulle het besluit om Satan se wysheid toe te pas as reg in hulle lewe, nie God se wysheid nie.(God se wysheid is om nie dood te maak, Eks 20:13 "Jy mag nie doodslaan nie.", Eks 20:16 "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.")

Satan se wysheid is:

1) oorlewing van die sterkste spesie, die sterkste een moet heers oor die swakkes
2) verryk jouself ten koste van ander
3) human rights - jy het regte, al kry ander seer

> "It was God's purpose to place things on an eternal basis of security, and in the councils of heaven it was decided that time must be given for Satan to develop the principles which were the foundation of his system of government. He had claimed that these were superior to God's principles. Time was given for the working of Satan's principles, that they might be seen by the heavenly universe.
>
> Satan led men into sin, and the plan of redemption was put in operation. For four thousand years, Christ was working for man's uplifting, and Satan for his ruin and degradation. And the heavenly universe beheld it all. "
> http://www.egwtext.whiteestate.org/da/da1.html - page 759

God se wysheid is:
onselfsugtige liefde, om eerlik, opreg, getrou en regverdig te leef met almal om jou - maw die 10 gebooie, berg predikasie(Jesus se verduideliking van die toepassing van die 10 gebooie), 1 Kor 13, Gal 5:22 en elke ander verwysing na naasteliefde in die skrif.

> "The earth was dark through misapprehension of God. That the gloomy shadows might be lightened, that the world might be brought back to God, Satan's deceptive power was to be broken. This could not be done by force. The exercise of force is contrary to the principles of God's government; He desires only the service of love; and love cannot be commanded; it cannot be won by force or authority. Only by love is love awakened. To know God is to love Him; His character must be manifested in contrast to the character of Satan. This work only one Being in all the universe could do. Only He who knew the height and depth of the love of God could make it known. Upon the world's dark night the Sun of Righteousness must rise, "with healing in His wings." Mal. 4:2. " http://www.egwtext.whiteestate.org/da/da1.html - page 22

Ek kies wie se wysheid ek wil toepas in die lewe - die een se wysheid wat ek toepas, die se kind is ek. As ek deur geweld en bedrog en vrees my sin probeer kry omdat ek oortuig is dat dit die wysheid is wat werk in die wereld vandag (algemeen in besigheid en sosiale kringe), dan sê ek Satan se wysheid is die beste en is ek kind van Satan - ongeag my pos in die kerk. As ek onselfsugtig, eerlik, opreg, getrou en regverdig leef teenoor almal om my (besigheid, sosiaal), dan glo ek dat God se wysheid die beste is, en is ek kind van God. Omdat ek God vertrou deur Sy wysheid te aanvaar, glo ek God, glo ek in God - die regverdige sal deur geloof lewe, hy wat die Seun het, het die lewe. Waneer ek God aangryp op grond van Sy wysheid (as waardestelsel vir my om uit te leef), gee ek my lewe aan Hom en gee Hy my die ewige lewe (dmv Jesus se soendood vir my aan die kruis), en is ek kind van God. Dan kry ek die Heilige Gees op spesiale wyse saam met Sy liefde (Rom 5:5), asook Sy wysheid (Jak 1:5,6), om dit te kan uitleef tot eer en verheerliking van Sy naam. Die een wat God se wysheid uitleef, leef deur die Gees, en hy wat Satan se wysheid uitleef, leef deur die vlees. Slegs hy wat deur die Gees lewe kan God behaag, hy wat deur die vlees lewe kan God nie behaag nie.

// God het onvoorwaardlik lief, omdat Hy onselfsugtige liefde in wese is, Hy kan nie anders nie - dit is Sy wysheid, die wysheid waarmee Hy die heelal bestuur. Waneer ek Sy dissipel word - word ek dit omdat ek oortuig is dat Hy die beste wysheid het, en verbind ek myself tot Hom dmv van Jesus om ook hierdie wysheid uit te leef. Op grond van hierdie besluit om my vertroue in/op God en Sy wysheid te plaas, gee ek my lewe in geloof aan God, en gee God my in ruil as gawe (verniet - ogv Jesus se verdienste) die ewige lewe. Ek is dan God se kind wat God se wysheid in my lewe aanvaar het om dit toe te pas en uit te leef onder leiding van die Heilige Gees, die Trooster, wat my sal leer en onderrig in alle waarheid (volgens God se wysheid).

// Sonde is om die merk te mis (pyl en boog), om die verkeerde wysheid toe te pas. Waneer ek nie God se wysheid vertrou, en sodoende die alternatiewe wysheid toepas (Satan se wysheid), dan sondig ek (maak my los van God). Sonde het dus te doen met die motief (doel en strewe) waarmee ek dinge doen. Waneer ek iets wil verkry wat my nie toekom, is ek geneig om Satan se wysheid toe te pas, om te verkry wat ek andersins nie sou gehad het nie. Ek vertrou dus nie dat God my onvoorwaardelik liefhet, en sal voorsien in al my behoeftes volgens die volheid van Sy skatkamers nie (waarvan verlossing, vergifnis van sonde en verlossing/genesing van sonde heel eerste is), daarom voorsien ek vir myself - soos Abraham met die kind by die slavin. Waneer ek dus God wantrou, dan sondig ek. God staan by om enige mens wat sy/haar vertroue in Hom plaas te leer en te ondersteun om Sy wysheid toe te pas ten midde van 'n verdraaide geslag – “as ons wat sleg is weet hoe om goeie gawes aan ons kinders te gee, hoeveel te meer sal God wat goed is dan nie vir ons die Heilige Gees gee nie”. “Soek eers die koningkryk van God, en Sy gergtigheid” (wysheid/onslfsugtige liefde, om met God verbind te wees).....

IN VERHOUDING MET GOD

Ek voel dat daar al meer woelinge is en dat al meer bevraagteken word. Hierdie behoort egter die definisie van God te suiwer sodat ons aan die versoek van Matt28 kan voldoen wat vra dat ons dissipels moet maak - en daarom duidelikheid moet he oor wie God is, self 'n verhouding met Hom moet hê, om sodoende die vrae te beantwoord en die mens voor God bring (in/deur Jesus) met die behoefte om self 'n dissipel te wees, innerlik oortuig daarvan dat God reg is en bereid om God met hart en siel te dien. God wil tog hê dat ons Hom moet dien uit innerlike oortuiging (hart en verstand), en nie uit vrees of deur geweld nie - hoeveel mense in die kerk dien God uit vrees vir die hel/dood/straf en verwerping deur mede gelowiges, hoeveel mense in die kerk het hulleself aangestel as diegene wat sal verseker dat hulle mede broeder/suster konformeer aan kerkidentiteit met die emosionele druk van verwerping as hulle nie sou saamspeel nie. Nee, die individu moet voor God gestel word in Jesus Christus, met die hart gevul deur die Heilige Gees - en God sal sorg dat hy/sy staande bly - en deur die leiding van die Heilige Gees, God se wysheid uitleef en God aanbid uit volle bors in blydskap – met ‘n vrede wat alle verstand te bowe gaan (die vrede van verlossing van sonde, van ‘n verhouding met die Een wat rein en suiwer en opreg en eerlik en alwys, alomteenwoordig, almagtig, lankmoedig, goedertierend, ..., totale onselfsugtige liefde is, wat onvoorwaardelik liefhet omdat Hy dit in wese is).

Kies vandag wie jy wil dien, ‘n god wat doodmaak en heers dmv vrees, geweld, gesag en dood, of, ‘n God wat onselfsugtige liefde is, en in Sy wysheid van reg en geregtigheid en oortuiging gebruik maak, jou vrye keuse respekteer en wie se wraak is om jou toe te laat om die gevolge van jou besluite te ervaar terwyl Hy steeds lewe gee, Sy son laat opkom en Sy reën laat val oor goed en sleg – en sorg dat jy nie bo jou vermoë versoek word nie (lw dat God nie versoek word en self niemand versoek nie – dit is deur jou eie begeerlikheid en die verleiding van Satan dat jy in versoeking kom – om God se wysheid te wantrou en alternatiewe wysheid toe te pas). “Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en die res sal jou toegevoeg word”. “Hy klop aan jou deur en wag dat jy vir Hom oopmaak, dan sal Hy inkom en saam met jou maaltyd hou.”.....sonder geweld en sonder vrees, halleluja.

> “Through Christ's redeeming work the government of God stands justified. The Omnipotent One is made known as the God of love. Satan's charges are refuted, and his character unveiled. Rebellion can never again arise. Sin can never again enter the universe. Through eternal ages all are secure from apostasy. By love's self-sacrifice, the inhabitants of earth and heaven are bound to their Creator in bonds of indissoluble union.

The work of redemption will be complete. In the place where sin abounded, God's grace much more abounds. The earth itself, the very field that Satan claims as his, is to be not only ransomed but exalted. Our little world, under the curse of sin the one dark blot in His glorious creation, will be honored above all other worlds in the universe of God. Here, where the Son of God tabernacled in humanity; where the King of glory lived and suffered and died,--here, when He shall make all things new, the tabernacle of God shall be with men, "and He will dwell with them, and they shall be His people, and God Himself shall be with them, and be their God." And through endless ages as the redeemed walk in the light of the Lord, they will praise Him for His unspeakable Gift,--**Immanuel, "God with us."**
http://www.egwtext.whiteestate.org/da/da1.html - page 26